
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

OORKOM DIE DUIWEL SE AANVALLE

1. HERKEN DIE AANVAL AS KOMENDE VAN SATAN

Die eerste en belangrikste aspek van `n demoniese aanval is vir jou om te besef dat jy aangeval word en dat dit van die duiwel af kom! Dit klink so vanselfsprekend, maar ons is so geprogrammeer om te dink dat iets of iemand anders die oorsaak is van die ramp of probleem waarmee ons te doen het. Die duiwel verlustig hom in sy vermoë om ons te mislei, sodat ons die blameer spel speel, deur die blaam iewers anders te plaas terwyl hy die werklike opstoker is! Ons lees egter in **2 Kor.2: 10b en 11: sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; want ons is met sy planne nie onbekend nie.** Paulus, God se magtige Apostel, skryf oor sy vasberadenheid in sy geveg teen die vyand en sy voorbeeld is presies die manier hoe ons moet reageer wanneer ons aangeval word. **1 Kor. 9:26: Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie (skaduboks) .**

2 Kor. 10:3 en 4: Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik (vlees en bloed) nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp. Satan val aan met vrees, twyfel, ongeloof, depressie, bekommernis, verwerping, siekte en verwarring, hy veroorsaak ook verhoudings probleme. Dit is noodsaaklik vir jou om te besef dat jy onder die vyand se aanval is en jouself daaraan te herinner dat jou geveg nie teen "vlees en bloed" is nie! Met ander woorde, dit help glad nie om met jou vrou/man, jou baas, jou werksmaat, jou ouers of enige ander persoon te veg nie, wanneer dit eintlik die duiwel is, wat jou deur hulle uitlok om jou so ver te kry om nie geestelik op te tree, wat veroorsaak dat jy in die "vlees" reageer. Hy **wil hê** dat jy teen vlees en bloed moet veg, dit is sy hele doel, terwyl hy in die agtergrond skuil en die situasie aanhoudend aanpor! Moenie toelaat dat hy jou om die bos lei nie! Jy sal nie die geveg wen nie, tensy jy oorlog voer teen die werklike vyand, wat demoniese magte is wat teen jou of jou geliefdes opgestel is! Onthou dat dit `n geestelike geveg is waarin jy veg en NIE `n fisiese een nie! Herken dit aan die begin. Ek kan dit nie oorgenoeg beklemtoon nie! Meeste mense verloor die geveg reeds in die begin, omdat hulle onmiddellik in die "vlees" reageer wanneer `n aanval kom, en verloor dan Satan se groter beeld uit die oog!

Wanneer met fisiese siekte gedeel word, moet jy in gedagte hou dat God sekere natuurwette ingestel het, en as ons dit nie volg nie, sal ons die gevolge dra en kan die skuld nie op die duiwel geplaas word nie. As voorbeeld: die dwelmverslaafde kan nie die skuld vir sy verskaffer en sy wanfunksionerende liggaam op die duiwel plaas nie, so ook nie die roker of alkoholverslaafde nie! God het aan jou `n vrye wil gegee!

ONTHOU ALTYD OM NOOIT MEER VAN DIE DUIWEL AS VAN JESUS TE PRAAT NIE, EN OM NOOIT MEER AANDAG AAN DIE DUIWEL TE GEE AS WAT JY AAN JESUS GEE NIE.

2. HERINNER JOUSELF AAN WAT JESUS OP GOLGOTA GEDOEN HET

Die tweede stap nadat jy besef het dat jy onder demoniese aanval is, is om die volle versekering in jou hart te hê dat Jesus reeds alles aan die kruis op Golgota verkry het wat nodig is om Satan te

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Oorkom die duiwel se aanvalle...)

verslaan! Onthou dat Jesus die volle prys betaal het en gevolglik wanneer jy die duiwel in Sy Naam bestraf en weerstaan, kom jou God gegewe gesag in werking in enige soort situasie. Dit sal **verseker** in jou hart manifesteer as moed wanneer jy die duiwel weerstaan!

Jesus het die duiwel se werke vernietig, en jy sal die feit moet **glo!**

1 Joh. 3:8: Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die WERKE VAN DIE DUIWEL TE VERBREEK. Jesus het oor Satan en al sy owerhede en demoniese magte getriomfeer op Golgota. Dit is nodig dat jy dit in jou hart **weet**, sodat jou optrede in ooreenstemming daarmee is!

Kol. 2:15: Nadat Hy (Jesus) die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het (Die kruis).

Jesus het die wêreld en sy sondes oorwin en jy moet nooit vir `n oomblik daaraan twyfel nie!

Joh. 16:33: In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld OORWIN.

Jesus het aan ons `n Nuwe Verbond gegee toe Hy op Golgota gesterf het, `n beter Verbond as die ou Verbond, wat mense onder die Wet geplaas het. Hy het ons losgekoop van die vloek van die Wet sodat ons die seëninge van Abraham mag ontvang!

Gal. 3:13: Christus het ONS LOSGEKOOP van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word-want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang. Die Vloek het ewige verdoemenis, liggaamlike siekte en armoede in gesluit. Jesus Christus het ons van dit alles verlos! Maak seker dat jy bewus is van al die seëninge wat tot jou beskikking is as `n gehoorsame Gelowige in Jesus. Lees **Deut. 28:1 – 14.**

WEET WAT JY IN CHRISTUS HET EN WIE JY IN CHRISTUS IS:

Meer as `n oorwinnaar **(Rom. 8:37).**
`n Nuwe skepsel **(2 Kor. 5:17).**
`n Kind van God **(Joh. 3:16).**
Geseënd **(Gal. 3:9).**
Genees **(1 Pet. 2:24).**
Die geregtigheid van God **(2 Kor. 5:21).**
Christus se ambassadeur **(2 Kor. 5:20).**
Lig van die wêreld **(Matt. 5:14).**
`n Uitverkore geslag **(1 Pet. 2:9).**
`n Koninklike priesterdom **(1 Pet 2:9).**

Herinner jouself aan hierdie Skrifte en *vernuwe jou* denke volgens die Woord van God, bring dit in ooreenstemming met jou vernuwende gees as `n Gelowige sodat jy die moed het wat nodig is vir oorlogvoering.

3. STAAN OP VAN BINNE

Laat toe dat heilige woede, geregverdigde verontwaardiging binne-in jou opstaan! Hoe durf die vyand op jou terrein en binne-in jou gebied kom en verwoesting saai? As jy nie plek aan hom gegee het nie en geen deure vir hom geopen het nie, het hy geen reg om te probeer om jou gesondheid, jou besittings, jou gesin, jou vrede, jou vreugde en enig iets anders wat hy in gedagte het, te vernietig nie! Jesus het heilige woede gehad toe Hy die handelaars en geldwisselaars met `n sweep uit die Tempel gejaag het **(Matt. 21:12).**

AGRESSIEWE OORLOGVOERING is dikwels nodig. Die duiwel weet wanneer jy besigheid bedoel en is vasberade om nie op of in te gee nie! Ons oorwin hom deur geloof en volharding! Ek kan so baie getuienisse van oorwinning oor die duiwel se aanvalle deel, deur eenvoudig die stadium te beryk deur te sê: "So ver en niks verder nie! Jy is `n verslaande vyand en ek weier om jou toe te laat om langer van my te steel en te vernietig dit wat myne is! Ek beveel jou in die Naam wat bo alle name is, die Naam van Jesus om weg te gaan en ek verklaar dat geen wapen wat teen my en my gesin gesmee word voorspoedig sal wees nie!!!" **(Jes. 54:17).**

Jy moet jou volledige wapentuig gebruik, veral jou *Swaard van die Gees,* wat DIE WOORD VAN GOD is. Volg die voorbeeld van Jesus in die woestyn, jy moet Satan weerstaan met die Woord en vir hom sê: **Daar is geskrywe...!! (Luk. 4:8).** Jou **hart** is die skede. Jy *trek* die swaard (die Woord van God) uit sy skede deur te sê: **Daar is geskrywe,** en *steek* deur middel van jou **mond.** Spreek die Skrif wat van toepassing is op jou omstandighede.

Jy moet egter verstaan dat dit vir jou glad nie moontlik sal wees om met die swaard te steek, as dit nie in sy skede is wanneer jy dit moet trek om te gebruik nie! Met ander woorde: **AS DIE WOORD VAN GOD NIE IN JOU HART IS NIE, SAL JY DIT NIE KAN UITHAAL EN GEBRUIK OM SATAN TE VERSLAAN NIE.** Dit is presies waarom so baie Gelowiges deur die vyand plat geloop word. Hul gebrek aan **oorwinning** is te danke aan hul gebrek aan **kennis** van die Skrif, omdat hulle nie tyd neem of `n poging aanwend om DIE WOORD VAN GOD TE LEER KEN NIE. Laat ek jou aanmoedig deur te sê dat die tyd wat jy spandeer om die Woord van God te leer, is `n tyd wat goed belê is. God se Woord is van die uiterste belang, omdat dit ewig is, dit is lewend en deurslaggewend vir ons bestaan, verder gee dit ook vir ons OORWINNING OOR DIE VYAND! ***Jy moet `n***

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Oorkom die duiwel se aanvalle..)

positiewe stand inneem in jou gedagtes, gesprekke en optrede!

JY handhaaf jou eie bevryding en oorwinning.

JY moet opstaan teen die vyand.

Jou predikant en pastoor kan net soveel doen – jou posisie van oorwinning hang van JOU af!

Onthou net dat die duiwel weet wanneer jy weet wie jy in Christus is, hy is ook bewus van die feit dat die Groter Een in jou woon! **(Joh. 4:4)** Onthou dat jy die tempel van die Heilige Gees is.

4. BESTRAF DIE VYAND, WEERSTAAN DIE DUIWEL

Bestraf sy werke deur gesag daaroor te neem; spreek dit aan, slaan daarna met die Woord.

Weerstaan die duiwel deur `n ferm stand teen hom in te neem, maak egter eers altyd seker dat jy ten volle aan God onderwerp is.

Jak. 4:7: Eng. baie duidelik: Be subject with implicit obedience to God at once and for all. Stand immovable against the onset of the devil and he will flee from you (Wuest's Vertaling). Afr. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

1 Pet. 5:8 en 9: Wees nugter en waaksaam … hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof.

Ons Bybel se bevele aangaande ons handeling met die duiwel is as volg:

Bind hom **(Matt. 12:29, Matt. 16:19).**

Dryf hom uit **(Mark. 16:17).**

Trap op hom **(Ps. 91:13).**

Weerstaan hom **(Ef. 6:13, Jak. 4:7).**

Gee aan hom geen plek **(Ef. 4:27).**

Om effektief te wees, moet hierdie bevele op jou hart en in jou gedagtes gegraveer wees en dan deel van jou daaglikse lewe word!

DIT IS SLEGS WANNEER JY `N DADER VAN DIE WOORD WORD DAT DIT VIR JOU SAL WERK. Dan is jy `n toepassings Gelowige volgens Jesus in **Mark. 16:15-20.**

DIE FINALE WOORD

Die boek Job gee ons `n duidelike prentjie van `n regverdige man wat onder die duiwel se aanval kom. Ons lees die verhaal van Job se lyding deur die aanhoudende aanvalle deur Satan. Job was egter heel onbewus daarvan dat dit die duiwel was wat die smart veroorsaak het en hy het "sy lot" passief aanvaar, want hy het gedink dat dit God was. Ons lees in **Job2:7**: **En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel.** Ons lees ook Job se berou toe hy besef het dat hy verkeerdelik gedink het dat God die skuldige was, en Job sê in **Job 42:5-6:Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as.** Toe het Job vir sy vriende begin bid en hierdie pragtige onselfsugtige handeling, het die vrug van verlossing voort gebring, want ons lees in **Job 42:10: En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.** (Lees die wonderlike storie van Job in ons boek "Die Christen en Job") **.**

Paulus, wat steeds die Gelowiges oor die onderwerp van geestelike wapens geleer het in Ef.6:18, het hulle aangemoedig om dieselfde as Job te doen, nl. om vir ander te bid. Ons lees dit in **Ef.6:18: terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.** Ons sien dat dit bevestig word en daarom vorm dit `n baie belangrike deel van hoe om ons "gevangenskap" te draai, of om te keer, dit is om ons oë van ons eie probleme en aanvalle af te kry, en vir iemand anders te bid wat gebed nodig het. Dit is die oomblik wanneer God jou omgee en genade vir ander sien en in jou situasie onderneem, deur die seëninge te verdubbel!

EN LAASTENS!

Wanneer jy alles gedoen het wat jy weet om te doen, bly daar een laaste, maar die belangrikste faktor in geestelike oorlogvoering oor en dit is om te STAAN! Van hierdie belangrike deel praat Paulus ook, wanneer hy ons wapenrusting en wapens opnoem in **Ef.6.** Hy sê: **Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan(Ef. 6:13-14).**

NADAT ALLES GEDOEN IS STAAN, STAAN DAAROM!!!!

Die enigste manier hoe die duiwel `n oorwinning oor jou kan verkry, is as jy besluit dat alles te veel vir jou is en jy besluit om te gaan lê! Jy gee toe! Jy gee oor! Alhoewel ons almal van tyd tot tyd voel om uit moeilike situasies te onttrek, moet jy van die vloer van daardie bokskryt af opstaan en jou opponent reg in die gesig staar! Selfs as jy een of twee rondtes verloor, klim terug in daardie kryt en volhard; en as gevolg van Jesus se oorwinning oor die vyand, wen jy die geveg, in Hom! Halleluja! Staan en volhard! VOLHARDING OORKOM WEERSTAND! ·

WORSHIPPING IN SPIRIT AND IN TRUTH

MINISTERING TO THE LORD

Every born- again, Spirit-filled child of God has a ministry of serving, so that the Body of Christ can be built up and edified, as its members minister to one another. It is however, even more important that we minister to our Heavenly Father, and an important way we do this is by praising and worshipping Him.

I want to share a few thoughts with you on this subject. When we worship, we are in fact giving of ourselves completely. In worshipping the Lord, we surrender ourselves in complete adoration. **Then took Mary a pound of ointment of spikenard, very costly, and anointed the feet of Jesus, and wiped His feet with her hair: and the house was filled with the odour of the ointment (John 12:3).**

Just as Mary did, when we kneel at the feet of Jesus our Messiah to praise and worship Him, we must bring our very best, our most precious possession to lay at His feet– we must bring **ourselves.** When we do this, He meets with us and the perfume of His Presence fills our lives.

In **John 4:7-24** there is a very enlightening portion of Scripture describing the way in which God wants to be worshipped. We find Jesus meeting the Samaritan woman at the well of Jacob, and He asks her to give Him a drink. She answers Jesus by saying that because she is a Samaritan woman, how is it that He, a Jew, is asking her for a drink. Jesus replies that if she knew Who it was Who was asking her for a drink, she would have asked Him, and He would have given her living water, whereby she would never thirst again.

She replies in **verse 15: Sir, give me this water, that I thirst not, neither come hither to draw.**

Sir, I perceive that Thou art a prophet. Our fathers worshipped in this mountain, and Ye say, that in Jerusalem is the place where men ought to worship.

Jesus saith unto her, Woman, believe Me, the hour cometh, when ye shall neither in this mountain, nor yet at Jerusalem, worship the Father. Ye worship ye know not what, we know what we worship: for salvation is of the Jews. But the hour cometh, and now is, when the true worshippers shall worship the Father in spirit and in truth, for the Father seeketh such to worship him. God is Spirit; and they that worship Him, must worship Him in spirit and in truth.

Jesus emphasises that true worship comes *from the heart*, and has nothing to do with a geographical place or church building. He also points out that there are many people who worship idols and images, which they have made, yet do not understand what they are worshipping. Jesus says the *new worshippers* will be different. They will know the true God and worship Him in s*pirit and truth.* Remember **Isa. 43:19 and 21** says: **Behold, I will do a new thing: now it shall spring forth ….. this people have I formed for Myself: they shall shew forth My praise.**

When Jesus walked on the earth, He declared that He was God's will in action by saying: **He that hath seen Me hath seen the Father … (John 14:9). I do nothing of Myself; but as My Father hath taught Me, I speak these things (John 8:28).**

We worship the Father in **spirit,** because the Holy Spirit has been given to us **(Acts 2)**, and because we know our Heavenly Father through Jesus His Son, we can worship God in **Truth.** Jesus declared: **I am the Way the Truth and the Life (John 14:6).**

I have stated clearly that the Lord has given us the blue -print of His Word to guide us in every area of our lives and that includes the manner in which He wants to be praised and worshipped. When the Lord commands us to do something in a certain way, it is always because He cares for us and wants to bless us.

Let us look briefly at a few results of the ministry of praise and worship. There are times when the natural result of worship is a revelation, but it is more likely that a revelation will lead to worship. God revealed Himself to Moses in a cloud, and then Moses worshipped Him.

"When Moses climbed to the top of Mt. Sinai, the Lord came down in a cloud and

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Worshipping in….)

stood by Moses and proclaimed the Name of the Lord. And Moses bowed his head toward the earth, and worshipped" (Ex. 34:5 and 8).

Jesus healed the man who was blind from birth, and, after he had been questioned by the Pharisees and banned from the synagogue, Jesus found him and told him that He was the Son of God, and the man reacted by worshipping Him. **And he said, Lord I believe. And he worshipped Him (John 9:38).** God revealed Himself through the healing, and then the man worshipped Him.

When we perceive God, whether it be through His Word or by the manifestation of His power, our automatic response is to worship Him. When He reveals Himself to us, causing us to worship Him, He often gives us a revelation of His Truth simultaneously.

As an example we use the case of Anna in **Luke chapter 2.** While Anna was worshipping God and waiting upon Him in the temple, He revealed His secrets to her. He revealed a lot about Jesus to her, because when she saw the baby Jesus in the temple, **she gave thanks likewise unto the Lord, and spoke of Him to all them that looked for redemption in Jerusalem (Luke 2:38).**

Other people who had similar experiences in the Bible were Jeremiah, Moses and Job. Just like them, we also need revelation from our Living God. But this revelation is always in line with Scripture, because we cannot add anything to the Word, nor can we remove anything from it. It is necessary for us to be caught up in the wonder of His Person as we worship Him. It is essential that we are awed by His power and have a vision of His holiness and glory if we want to be used by Him. The Bible tells us that **the fear of the Lord is the beginning of wisdom... (Psalm 111 verse 10).** WORSHIP is often the starting point.

Worshipping God not only brings a revelation of Him, His Word, His plans and love for us, but *worship brings a joining together, a unity in the Spirit.*

As we praise and worship with other believers, we are bound together in one accord, then instead of our cultural differences being our focal point, we look at Jesus and He becomes the focal point of our JOINT attention. While we are worshipping Jesus in togetherness we are drawn closer to Him and to one another. A word of warning here, however – THIS IS DEFINITELY NOT A CALL TO UNITY IN THE NAME OF ECUMENISM! We must never compromise the Truth of God's Word for the sake unity. There is only one truth, and that is found in the Gospel and the doctrines of Jesus Christ as proclaimed in the Bible.

When we worship God we draw upon His Life and Power. There is power in praise and worship that pushes back the powers of darkness, breaks the chains that bind us and liberates us so that our thoughts can be taken captive by Jesus Christ. Read the whole of **Psalm 149.**

God inhabits the praises of His people (Ps. 22:3) and while we praise and worship Him, the power of the Spirit is awakened in us and the enemy must flee! In **James 4:7** we read: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.**

After submitting myself to God, and giving no place to the enemy, I start praising and worshipping the Lord. The enemy flees through praise and worship. The devil hates to hear a child of God praising the Lord! Remember the way in which king Jehoshaphat and the army of Israel advanced on the enemy? I believe that as the people came against the foe, with their spirits lifted to God in praise and worship, they were truly in one accord, singing praises in spirit and in truth! They worshipped Him, and the Holy Spirit created *a new song* within them. As they ministered to the Lord, praising Him for His greatness, the enemy was defeated!

Think of Paul and Silas when they were flogged and put in prison because they preached the Gospel and exorcised a demon from a young girl. They sang praises to the Lord in jail, and He opened the prison doors, and they were free. **And suddenly there was a great earthquake, so that the foundations of the prison were shaken: and immediately all the doors were opened, and everyone's bands were loosed (Acts 16:26).** Praise and worship opens our prison doors by the power of God!

We are vessels for the life and power of God in this dark world in which we live.

(Continued on page 6)

Jesus is the LIFE, and as we come to Him and drink, His life flows into us. As we praise and worship Him, He gives us power to overcome every circumstance and difficulty we face. When we are obedient to Him, His life flows through us and draws others unto Him. He has made us His ambassadors in this wicked world, and this is a great responsibility! **We are a "chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, His own special people, that (we) may proclaim the praises of Him who called (us) out of darkness into His marvellous light (1 Peter 2:9).** What a challenge for us!

We have been chosen to reach out to a lost and suffering humanity, with the message of hope in the Gospel, which is that Jesus came to this world and died to give us eternal life, and life more abundantly. It is up to us to allow the very life of God, by His Holy Spirit in us, to *flow through* us to reach the unsaved.

If any man thirst, let him come unto Me, and drink! He that believeth on Me, as the Scripture hath said, out of his belly shall flow rivers of living water. But this spoke He of the Spirit, which they that believed on Him should receive (John 7:37 to 39).

Worshipping God keeps us spiritually balanced. It helps us to see our lives in the right perspective, and have the right set of values and priorities.

It is important however, that we focus our attention more on the Person of God than upon His *blessings.*

We often point a finger at the Pharisees because they were so unfulfilled in their *religiosity*. They worshipped everything ABOUT God, instead of worshipping HIM! When Jesus came they chose to keep to their ritualistic, legalistic, religious ways and did not recognise their Messiah. Let us not be guilty of the same thing!

Right throughout the course of history we see God using men as vessels of His power, but it is a tragedy that so often those who are called, choose to cling to their idols and religious traditions, quenching the Holy Spirit and making the power of God of none effect. Men often turn from the True Life which is found in the simplicity of the Gospel, and which is given to us by the Holy Spirit, to a form of godliness and ritual which is powerless. God's ways are completely different to man's ways. The Word tells us in **Isaiah 55 verse 9** that God's ways are higher than man's ways and thoughts, and in **1 Corinthians 3 verse 19** Paul says that the wisdom of the world is foolishness with God. When the people of Israel were bitten by poisonous serpents according to Numbers chapter 21, God instructed Moses to make a copper snake and exhibit it on a pole. **Every one that is bitten, when he looketh upon it, shall live (Numbers 21:8).** At that stage the LIFE of God flowed through the image of the serpent and when the people looked at it, they were healed. But Israel forgot about the LIFE and kept on looking at the image, for we read in **2 Kings 18:4** that 900 years later Israel was still worshipping and burning incense to images of serpents, until King Hezekiah had them all cut down. Thus we see that the people of Israel had fallen into the trap of worshipping the instrument God had used, instead of worshipping God Himself.

We find this is true even today. We must guard against the worshipping of a certain ministry or denomination where you may have received a special blessing from the Lord – remember God is very jealous of the praise of His people and no man or ministry may take His glory! Whenever we exalt revelations, methods, religious rituals or any other thing above the Lord, we are actually WORSHIPPING these things, and this is idolatry! We become dead to the voice of the Holy Spirit as we cling to lifeless forms of worship, and are therefore without the true LIFE of God in our lives. I believe that is why Jesus said: **Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition (Matt.15:6).** However if we put Him first and worship and serve Him above everything else, our lives will be continually enriched by Him, and we will be vessels through which He can bless many others.

You can never love the Lord too much! You can never spend too much time in His Presence! You can never praise and worship Him too much!

THOU ART WORTHY, O LORD, TO RECEIVE GLORY AND HONOUR AND POWER: FOR THOU HAST CREATED ALL THINGS, AND FOR THY PLEASURE THEY ARE CREATED (Rev. 4:11).

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667, Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR
JY MAAK SAAK VIR GOD!

VEG UIT OORWINNING, NIE VIR OORWINNING NIE

EF. 6:11: Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

God het jou nie nodig om vandag die duiwel te verslaan nie. Jesus het dit reeds gedoen en aan jou die oorwinning gegee (Kol. 2:15, Rom. 8:37). Jou deel is om die oorwinning te bekragtig deur eenvoudig vas te staan. Met ander woorde, jy "veg" vanuit oorwinning deur te staan. Jy veg nie om oorwinning te verkry nie.

In **Ef. 6:10–18**, die gedeelte oor geestelike oorlogvoering, verskyn die woord "stryd" net een keer (vers 12), terwyl die woord "staan" vier keer verskyn – "staande kan bly teen die liste van die duiwel" , "weerstand kan bied in die dag van onheil" , "nadat julle alles volbring het staande kan bly", "Staan dan vas ". (Verse11, 13–14). Vier keer sê die Heilige Gees vir ons om te staan. Tog probeer baie Christene hulle weg oopveg na oorwinning!

My vriend jy is reeds op oorwinningsgebied. Jy het alreeds alles in Christus **(1 Kor. 3:21, 23).** Jy is reeds geseën met elke geestelike seën in Christus **(Ef. 1:3).** Die duiwel weet dit. Daarom is sy taktiek om jou te mislei en te laat dink dat jy nie die oorwinning het nie.

Dus wanneer hy jou aanval deur te sê: "Kyk na daardie klein bedrag in jou bankrekening! Hoe gaan jy die rekeninge betaal?", staan vas. Verklaar: "Ek probeer nie om ryk te wees nie. Ek is alreeds geseënd in Christus!" Dit maak nie saak hoeveel jy in die bank het nie. Jy is ryklik voorsien, omdat jy in Christus is. Soos die behoefte ontstaan, sal die voorraad daar wees as jy dit glo.

Dit is dieselfde met genesing. Die duiwel sal jou probeer aanval met simptome in jou liggaam. Hy sal probeer om pyn in jou liggaam te sit en jou oral swak te laat voel, sodat jy dink dat jy nog siek is. Hy probeer jou laat glo dat jy nie jou genesing het nie. Dit is die tyd om bewus te wees van Jesus se voltooide werk en verklaar: "Ek probeer nie gesond word nie, ek is gesond! Ek staan op oorwinningsgebied wat Jesus vir my gegee het!"

Geliefde, dit maak die wêreld se verskil wanneer jy vanuit oorwinning veg en nie vir oorwinning nie! Wees verseker van ons gebede en liefde; weet net dat ons saam met jou in oorwinning staan. Baie dankie vir jul gebede, liefde en ondersteuning waarsonder ons nie sal kan aangaan nie.

Meg en die Gebedspan

GETUIENISSE

Liewe Gebed span,

Ek wil julle graag bedank vir julle gebede! Vi alles wat julle vir ons doen en beteken oor die jare. En getuig van God se wonderwerke in ons lewens.

Na 'n jaar van geen werk, geen heenkome, huis of voertuig en mense se hoogmoedige verwyte en kyke het ons Almagtige Hemelse Vader ons styf vas gehou elke dag, bewaar en weer opgelig!

Ons Hemelse Vader het oorvloedige werk vir my man gestuur en ons gelei en gewys dat ons moet oppak en trek.

Ek het weer 'n voertuig en my seuntjie is baie gelukkig in sy nuwe skool.

Alle eer en dank aan ons Almagtige Vader wat net die beste vir ons wil hê! Vir wie NIKS ONMOONTLIK IS NIE!!!

Liefde Madeleine

Liewe Meg en span,

Net om dankie te sê dat julle vir Leonie Mulder van Jansenville gebid het.

Ek het verlede week ge-e-pos, want die vroutjie wat ons bestuurder is by die ouetehuis, het haar een oog jare gelede verloor.

Verlede week was die nood baie hoog want sy het 'n waterblaas op die regte oog gekry en die oogspesialis was baie bekommerd dat sy haar sig sou verloor. Hulle het reeds planne beraam dat sy 'n nood kornea oorplanting moes kry en dat daar nie veel is wat hy kan doen nie. Die groot krisis was dat sy net 5% sig in die oorblywende oog het en as sy dit sou verloor sou sy heeltemal blind wees.

Ek het julle geskakel en julle en ons het gebid. Toe sy by die oogspesialis kom vind hy dat die waterblaas verdwyn het en dat net 'n katarak oor is wat hulle volgende Dinsdag sal verwyder. Die kornea is in 'n baie goeie toestand en hy gaan net 'n lens inplant. Ons almal besef dat dit goddelike genesing was en dat dit werklik 'n wonderwerk is wat gebeur het.

Baie dankie vir jul gebede. Ek het al soveel kere vir julle gevra om te bid en dan het daar telkens oplossings en genesing gevolg.

Ek dink hoe moedeloos ek so vyftienjaar gelede was toe die spesialis gesê het ek moet 'n knievervanging kry. Die medieseskema wou dit nie betaal nie en ek kon dit nie laat doen nie. Twee ander ortopede het ook gesê ek sal moet 'n knievervanging kry. Julle het vir my gebid en toe die medieseskema reg is om te betaal het ek na 'n ander ortopeed gegaan en hy sê toe ek het geen vervanging nodig nie.

Dit is werklik 'n wonderwerk want hier loop ek nog vandag. Die knie lol soms maar nie om van te praat nie. So het julle soveel kere vir my en my gesin gebid en het die Here genees.

Baie baie dankie!

Liefdegroete .

Pauline van Zyl, Jansenville

UIT ONS SKATKIS

JESUS VERSTAAN WAARDEUR JY GAAN

Heb.4:15: Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Wonder jy soms of God werklik weet hoe dit voel om arm, verwerp deur mense of siek met smart en pyn te wees. Miskien vra jy: "Verstaan God werklik waardeur ek gaan?"

My vriend, Jesus was nie onbekend met emosionele of fisiese pyn, armoede of swaarkry nie. Hy was in 'n arm gesin gebore. Sy geboorteplek was 'n onwelriekende krip (Luk 2:7). Vanaf 'n baie jong ouderdom het Hy as skrynwerker alles geweet om harde handearbeid te verrig, die hele dag op Sy voete te staan en huis toe gegaan met pyn in Sy liggaam.

Die godsdienstige leiers van Sy tyd, het die lewe vir Hom moeilik gemaak. Hulle het Sy gesag uitgedaag (Matt. 21:23) en Sy leringe getoets (Matt. 19:3). Hulle het Hom ook 'n vraat en wynsuiper, vriend van tollenaars en sondaars genoem (Matt. 11:19), en godslasteraar (Mark. 2:7).

Hulle het gesê dat Hy duiwelbesete en mal was (Joh. 10:20), Hom in 'n hoek gedryf toe hulle 'n vrou wat in egbreuk betrap is na Hom gebring het (Joh. 8:2–11), Hom probeer stenig het (Joh. 8:59, 10:31–39) en Hom beskuldig het dat Hy die volk verlei het (Luk. 23:2).

Is jy uit jou huis verdryf as gevolg van jou Christelike geloof? Jesus verstaan waardeur jy gaan. Hy was uit Sy eie tuisdorp verdryf (Luk. 4:29). Is jy verwerp deur iemand wat jy liefhet? Jesus het ook die pyn ondervind deur verloën te word deur 'n geliefde(Luk. 22:54–62) en verraai te word deur een wat beskou was as na aan Hom (Luke 22:47–48). Hy weet ook alles van die siekte wat jy ly, want Hy het jou siektes en pyn aan die kruis gedra (Jes. 53:4).

Jesus verstaan verseker alles waardeur ons gaan, omdat Hy ten volle as 'n Mens gebore was, Hy was "in alle opsigte versoek soos ons ". Hy het Sy lyding vir ons onthalwe verduur, sodat ons Sy vrede en die salwing om bo ons probleme, wat ons het, uit te styg!